

Ceva Produk Portefeeulje



*Saam, verbind tot meer
as dieregesondheid*

Hierdie boekie is geensins bedoel om 'n
volledige bron van inligting te wees nie
en poog slegs om die uitstaande
kenmerke van produkte en beginsels vir
die gebruik daarvan uit te lig.
Raadpleeg Ceva indien u meer inligting
verlang.

Tel: +27 (0) 11 312 4088





Maxicare®

(1,9 % Albendasool + 3,0 % Klosantel)

Reg. Nr. G3145

(Wet 36/1947)

Namibië: V02/18.1.8/762

(Wet 13/2003)



EIENSKAPPE

'n Rondewurm, Longwurm, Melklintwurm, volwasse Lewerslak en Neusvliegglarwe middel vir skape en bokke.

② Bensimidiasool en ④ Salisielanilied

VOORDELE VIR DIE PRODUSENT

28 Dae nawerking teen Haarwurm en Haakwurm besmetting in skape en bokke maak dit die ideale ontwormingsmiddel 4 - 6 weke voor teeltyd en weer 4 - 6 weke voor lamtyd in die nat seisoen. Om erosie a.g.v. wurms in ooie te voorkom en sodoende te help om lampersentasie te verhoog. Help ook dat die ooi kwaliteit bies ontwikkel vir die pasgeborene se siekteweerstand.

ONTTREKKINGSPERIODES

Melk: Moenie in skape of bokke gebruik wat melk vir menslike gebruik produseer nie.

Vleis: 30 dae.

AANWYSINGS / INDIKASIES

Bekdosering: 2 mL/10 kg.

Skud goed voor gebruik.

NOTAS:

Douvistome®

(34 mg Oksiklosanied / ml)

Reg. Nr. G4185
(Wet 36/1947)



EIENSKAPPE

Bekdosering vir die behandeling van volwasse stadia van Lewerslak en Reuse Lewerslak asook alle stadia van Peervormige slakwurm in beeste.

④ Salisielanilied

VOORDELE VIR DIE PRODUSENT

Dood volwasse Lewerslak en dra daardeur by tot die vermindering van kontaminasie van weidings met Lewerslak eiers wanneer al die beeste gelyktydig behandel word; Besmetting van varswater slakke wat tot infeksie van beeste op weidings lei word daardeur verminder; Na een behandeling met die larfdodende middel Triklabendasool by die aanvang van 'stoom-op', ongeveer 3 weke voor verwagte kalwing, laat Douvistome® se zero melkonttrekkingsvoordeel minstens 3 behandelings met 70 dae intervalle toe tydens laktasie; Deur 'n potensiële verlies van 0,5 - 2 l daaglikse melkopbrengs te help voorkom bring dit 'n rendement op die behandelingsbelegging – 'n benadering wat ook die ontstaan van weerstand van Lewerslak teen Triklabendasool help vertraag.

Waar Peervormige slakwurm 'n probleem is in vleisbeeskuddes, word 'n behandeling aanbeveel in die Winter, om eier-kontaminasie rondom en in vleie te verminder, wat die risiko vir kliniese gevalle verlaag.

ONTTREKKINGSPERIODES

Melk: Geen.

Vleis: 14 dae.

AANWYSINGS / INDIKASIES

'n **Enkel** dosis van 15 ml/ 50 kg is hoogs doeltreffend (>90 %) teen volwasse Lewerslak (*Fasciola hepatica*) en reuse Lewerslak (*Fasciola gigantica*) in beeste.

'n **Enkel** dosis van 55 ml/ 100 kg is 61-96.6 % effektief teen die patogene, onvolwasse Peervormige Slakwurm (*Calicophorum spp.*) in die dunderm en 56-98.1 % effektief teen eier-produserende volwassenes in die retikulo-rumen.**

Om die doeltreffendheid te verhoog na 99.9 % en 100 % vir onderskeidelik, onvolwasse Peervormige Slakwurm in die dunderm en volwasse retikulo-rumen, moet die dosis 55 ml / 100 kg, **72-uur (3 dae) later herhaal word.

Reinig en spoel die doseer apparaat sorgvuldig uit na gebruik.

NOTAS:

Cevamec[®] 1 %

(1 % Ivermektien)

Reg. Nr. G2811 (Wet 36/1947)
Namibië: V01/18.1.2/182 (Wet 13/2003)



VERPAKKINGS
50 ml &
500 ml



EIENSKAPPE

1 % inspuitbare Ivermektien vir skape en beeste.

① Makrosikliese laktoon

VOORDELE VIR DIE PRODUSENT

Beeste: Rondewurm, Oogwurm, Parafilaria (Valkneusing - 70 dae nodig na behandeling vir letsels om weg te gaan voor slagting), suigende- en bytende luise, skurfte myte, Sandtamp, behandeling van maaier-besmette wonde (2 weke effektief) en Bloubosluis (21 dae effektief). Vinnige weidingsrotasie vir 21 dae in die Lente en weer so in die Herfs sal 'n afname in Bloubosluis getalle teweegbring.

Skape: Behandeling en voorkoming van Rondewurm, Neusvliegglarwes, Skaapbrandsiekte en Australiese jeukmyt verkieslik in die nat seisoen.

ONTTREKKINGSPERIODES

Melk: Nie vir suiwelkoeie binne 28 dae voor kalwing (aanvang van laktasie nie).

Vleis: 21 dae.

AANWYSINGS / INDIKASIES

Dosis: 1 mℓ/ 50 kg onderhuids.

NOTAS:

Ceva Super

(1 % m/v Ivermektien + 10 % m/v Klorsulon)

Reg. Nr. G4153 (Wet 36/1947)



EIENSKAPPE

'n Rondewurm en volwasse Lewerslak middel vir beeste.

① Makrosikliese laktoon en ⑥ Sulfonamied

VOORDELE VIR DIE PRODUSENT

Met 'n ≥ 90 % doeltreffendheid teen volwasse Lewerslak besmetting in beeste, behoort Ceva Super ten minste strategies toegedien te word teen die einde van die Winter of vroeë Lente. Dit is om eier-lêende volwasse Lewerslakke te verwyder wat die oorwegende stadium in die bees se lewer is op hierdie stadium van die jaar. Deur eier kontaminasie van oop drinkwaterbronne deur volwasse Lewerslakke te beperk sal dit die infestasië van die onvolwasse stadia verminder en beperk tydens warmer weerstoestande. Dit help uiteindelik om die voorkoms van erge lewerskade deur onvolwasse Lewerslak migrasie te beperk. Dit is ook doeltreffend teen die belangrikste Rondewurm spesies.

ONTTREKKINGSPERIODES

Melk: Moenie toedien aan lakterende koeie waarvan die melk vir menslike gebruik aangewend word.
Vleis: 49 dae.

AANWYSINGS / INDIKASIES

Dosis: 1 mL/50 kg onderhuids.

NOTAS:

Privexia[®]

(1 % Moksidektien)

Reg. Nr. G3915 (Wet 36/1947)

Namibië: V12/18.1.2/1139 (Wet 13/ 2003)



EIENSKAPPE

1 % inspuitbare Moksidektien vir skape en beeste.

① Makrosikliese laktoon

VOORDELE VIR DIE PRODUSENT

Om skape teen Haarwurm te behandel in die nat seisoen of op weiding onder besproeiing. Nawerking teen Haarwurm vir 35 dae. 'n Langer werkende formulasie (2 % Moksidektien) is nie noodwendig meer kostevoordelig indien skape na behandeling met Privexia[®] vir 30 – 35 dae as “stofsuiers” op besmette kampe roteer word; Langerwerkende middels (2 % Moksidektien) met omtrent 4,5 maande nawerking het 'n lang “stert” (lae plasma konsentrasie), waartydens 'n verhoogde risiko bestaan vir die ontstaan van weerstand. NIE vir die roetine gebruik teen Skaapbrandsiekte in die droë seisoen nie. Gebruik eerder Cevamec[®] 1 % vir hierdie doel gedurende vogtige klimaatstoestande om die ontstaan van wurmweerstand te vertraag.

ONTTREKKINGSPERIODES

Vleis: 42 dae.

Indien gebruik word vir lammers wat in die voerkraal afgerond word, moet die beplande staandae tot slagdatum nie korter wees as die onttrekkingsperiode nie.

AANWYSINGS / INDIKASIES

Dosis: 1 ml/50 kg onderhuids.

Moenie in suiwelkoeie gebruik nie.

NOTAS:

Eprecis[®] 2%

(2 % Eprinomektien)

Reg. Nr. G4260 (Wet 36/1947)



EIENSKAPPE

2% Insputbare Eprinomektien, aangewese vir die behandeling en beheer van interne- en eksterne parasiete by beeste.

① Makrosikliese laktoon

VOORDELE VIR DIE PRODUSENT

Melkbeeste: Suiwelkuddes op weiding met 'n ODR lesing van > 0,5 vir Bruinmaagwurm teenliggame in 'n bulktenk monster, en wat om en by kalwing behandel is, behoort ongeveer 150 ℓ - 300 ℓ+ meer melk per laktasie te lewer. Dit is deurdadig Bruinmaagwurm erosie op piekproduksie aangespreek word.

Vleisbeeste: Gebruik in die Lente kort voor aanvang van kalfseisoen asook in die Herfs: 28-dae nawerking teen Bloubosluis en rotasie deur soveel as maandelik weikampe lei tot LANGWERKENDE verlaging in Bloubosluis getalle en dus laer dipkoste daarna in die volgende seisoen; Waarskynlik 'n laer risiko dat ontstaan van weerstand teen Rooiwater en Anaplasmoses tydens 3 - 6 maande ouderdom in suipkalwers benadeel word a.g.v. laer Eprinomektien melkresidue wat ingeneem word.

ONTTREKKINGSPERIODES

Melk: Geen.

Vleis: 12 dae.

AANWYSINGS / INDIKASIES

Dosis is 1 mL/100 kg slegs onderhuids.

Neem kennis dat Bruinmaagwurm teenliggame na behandeling steeds vir geruime tyd teenwoordig sal wees en dus nie as 'n aanduiding van effektiwiteit gebruik kan word nie.

NOTAS:

Multivit Effervescent Tablets

Reg. Nr. V12690 (Wet 36/1947),
N-FF1076



EIENSKAPPE

Vitamien A, B kompleks, C, D3, E, K3, Biotien, Pantoteensuur, Foliensuur en Niasien bruistablette vir toediening in drinkwater.

VOORDELE VIR DIE PRODUSENT

Verlig die effek van stres en is waardevol waar rumenfunksie benadeel is, soos bv. in siek, swak en herstellende vee, na vervoer, of jongvee tydens speen. Versnel die terugkeer na oorspronklike produksie; Ideaal vir aanpassing van voerkraalkalwers of in voerkraalhospitaalkampe. In teenstelling met inspuitbare vitamieë, hou die orale toediening daarvan 'n direkte voordeel vir die rumen flora in wat 'n spesifieke behoefte aan vitamieë het om dit in staat te stel om dieetvesel te degradeer en te fermenteer.

ONTTREKKINGSPERIODES

Melk: Geen.

Vleis: Geen.

AANWYSINGS / INDIKASIES

1 tablet / 50 ℓ water vir skape, beeste, pluimvee, wild, perde en varke.

NOTAS:

Rehydion® Gel

Reg. Nr. V18954
(Wet 36/1947)
N-FF1766

VERPAKKING
Een 12 x
320 ml
bottels



EIENSKAPPE

Oplosbare mineraal- en elektroliet aanvulling vir kalwers, met asetaat buffer.

VOORDELE VIR DIE PRODUSENT

In kalwers met diarree verlig dit asidose, ontwatering, verlies aan elektroliete (Na en K) sonder dat dit met rennet stolselvorming in die maag inmeng. Dit verseker 'n hoë weiopbrengs (protein-ryke vloeistof gedeelte nadat melk gestol het). Melk word nie onttrek tydens behandeling nie omdat melkvet die mees doeltreffende bron van energie aan die kalf is. Inmenging met rennet stolselvorming, soos in die geval van glukose en bikarbonaat inname, kan diarree vererger.

ONTTREKKINGSPERIODES

Melk: Geen.

Vleis: Geen.

AANWYSINGS / INDIKASIES

Dosis: Voeg 20 mℓ by 1 ℓ melk;

Gee 2 ℓ behandelde melk tweemaal per dag per kalf.

Dus 1 x 320 mℓ is genoeg vir 'n enkel
behandelingskursus van 4 dae.

NOTAS:

Gleptosil®

(Elementêre Yster in die vorm van Gleptoferron 200 mg / ml)

Reg. Nr. G2413
(Wet 36/1947)



EIENSKAPPE

Yster inspuiting vir varkies in 'n 250 ml CLAS® houer vir die voorkoming en behandeling van bloedarmoede (anemie) as gevolg van 'n ystertekort.

VOORDELE VIR DIE PRODUSENT

Die Yster in Gleptosil® is meer biobeskikbaar - soos aangedui deur 'n 96 % absorpsie binne 24-uur na toediening. Vergeleke met 'n gemiddelde yster dekstraan formulاسie, gee dit betekenisvolle hoër suurstof-draende Hemoglobien bloedkonsentrasies wat betekenisvolle hoër liggaamsmassas by speen en 3 weke daarna verklaar. Yster is ook belangrik vir die immuunsisteem en help met die immuunrespons na inentings.

ONTTREKKINGSPERIODES

Nie van toepassing.

AANWYSINGS / INDIKASIES

Dosis is 1 ml binnespiers, met 'n skerp naald, in die nekspier, net agter die oor, vanaf 1 dag na geboorte maar nie later as 3 - 7 dae ouderdom nie.

NOTAS:

Forceris™

(Elke ml bevat 30 mg Toltrazuril en 133,4 mg Yster as Gleptoferron 20% Fe)

Reg. No. G4385
(Wet 36/1947)



EIENSKAPPE

Vir die voorkoming en behandeling van bloedarmoede (anemie) as gevolg van 'n ystertekort asook vir behandeling van kliniese tekens van Koksidiose en die beperking van uitskeiding van oosiste in varkies met een behandeling.

VOORDELE VIR DIE PRODUSENT

Koksidiose is een van die algemeenste siektes in jong varkies wat aaleiding gee tot diarree, mortaliteit en vertraagde groei. Tot soveel as 30 % van varkies het 'n ystertekort met speen wat aanleiding gee tot swak en vatbare speenvarke. Forceris™ bied 'n arbeidbesparende en koste-doeltreffende oplossing vir beide probleme met een inspuiting.

ONTTREKKINGSPERIODES

Vleis: 70 dae.

AANWYSINGS / INDIKASIES

Eenmalige 1,5 ml binnespierrese toediening van **Forceris™**, agter die oor, met 'n skerp naald, vir varkies tussen 0,9 – 3 kg liggaamsmassa vanaf 24-96 uur na geboorte.

Moet nie toegedien word aan varkies wat moontlik aan Vitamien E en/of Selenium-tekort ly nie.

NOTAS:

Tenaline[®] LA

(200 mg Oksitetrasiklien in die dihidraat vorm)

Reg. Nr. G2436 (Wet 36/1947)

Namibië: V97/17.1.2/1097

(Wet 13/2003)



EIENSKAPPE

Langwerkende Oksitetrasiklien inspuitbare antibiotikum (200 mg Oksitetrasiklien dihidraat / ml) vir skape, beeste en varke.

VOORDELE VIR DIE PRODUSENT

Bewese weefsel-vriendelikheid; 72 - 96 uur werking. Die CLAS[®] houer (lig, skokbestand, hanteerbaar), verseker stabiliteit van aktiewe bestanddeel - daarom die lang raklewe van 3 jaar; Behandeling en voorkoming (Blok behandeling) van Hartwater en Galsiekte (Anaplasmoses), Longontsteking, Naelstringontsteking, Gewrigsontsteking, Vrotpootjie en Baarmoederontsteking is die algemeenste aanduidings vir gebruik. Vinnig-werkend: Maksimum weefselvlakke word binne 54 minute in varke en 3,7 ure in beeste behaal.

ONTTREKKINGSPERIODES

Melk: 8 dae.

Vleis: 21 dae.

AANWYSINGS / INDIKASIES

Herkouer dosis is 1 ml/10 kg gewig diep binnespiers.
Om nierskade te voorkom, moenie gouer as 72-uur later herhaal nie.

Varkies <2 kg: 0,5 ml onderhuids agter die oor.
Varkies 2-10 kg: 1 ml onderhuids agter die oor.
Varke meer as 10 kg: 1 ml/10 kg diep binnespiers.

Nie geregistreer vir binnearse toediening nie.

NOTAS:

Coglavax®

Reg. Nr. G3684 (Wet 36/1947)

Namibië: V06/24.4/180 (Wet 13/2003)

Zambië: 346/717V (Wet 3/2013)

VERPAKKINGS
100 ml &
500 ml



EIENSKAPPE

Klostridiale entstof met die volgende toksoïede vanaf:

1. *C. perfringens* teen enterotoksemie:

- Alfa (Bloedderm in skape en Rooiderm in beeste),
- Beta (Bloedpens in lammers),
- Epsilon (Bloednier in skape),

2. Alfa toksoïed van *C. novyitipe* B (Vals Sponssiekte, Dikkop Sponssiekte, Kwaadaardige Edeem, Nekrotiese Hepatitis),

3. *C. septicum* (Baarmoeder Sponssiekte, Kwaadaardige Edeem en Gasgangreen),

4. *C. tetani* (Klem-in-die-Kaak/Tetanus),

5. *C. chauvoei* (Sponssiekte in beeste en skape).

VOORDELE VIR DIE PRODUSENT

Verlaag effektief die risiko vir verliese a.g.v. oorgroei en gevolglike toksienproduksie van alom-teenwoordige belangrikste klostridium bakterië in o.a.:

- Vinnige groeiende vee met 'n hoë droë materiaal inname,
- In verse, koeie en ooie na geboorte,
- Tydens geil weidingsinname met vinnige deurvloei na die laer spysverteringskanaal,
- Wisselende voedingsinnames in suiwelvolvoersisteme en in voerkrale,
- In wonde (bv. skeer, baarmoeder na kalwing, stertknip, kastrasie, tande wissel in jongvee).

Laer risiko van inspuitlek weefselskade en pyn.

ONTTREKKINGSPERIODES

Vleis: 21 dae.

AANWYSINGS / INDIKASIES

Onderhuidse dosis vir beeste >100 kg liggaamsmassa is 4 ml en 2 ml vir skape en beeste ligter as 100 kg liggaamsmassa. Toediening op die vroegste vanaf 4 maande, en 4 weke ouderdom, vir kalwers en lammers onderskeidelik. Moet opgevolg word deur 'n tweede enting 4 -6 weke later in vee wat vir die eerste keer ingeënt word. Daarna jaarliks - ideaal by afdroog in suiwelkoeie en kort voor of na speen in vleisbeeste; 4 - 6 weke voor aanvang van lamtyd by skape.

Cevac[®] Chlamydia

Reg. Nr. G3843 (Wet 36/1947)

Namibië: V10/24.4/877 (Wet 13/2003)



VERPAKKING
50 dosis
flessie
na vermenging

EIENSKAPPE

Lewende geattenuëerde *Chlamydomonas abortus* 5.0
Stam 1B entstof met 10^5 IFU's (Inclusion forming
Units) per 2 ml dosis.

VOORDELE VIR DIE PRODUSENT

Help om die verskil tussen lampersentasie by
skandering en werklike lampersentasie te
verminder a.g.v. *Chlamydomonas abortus*-verwante
konseptus verliese. Hierdie geattenuëerde lewendige
entstof gee 'n 2-jaar lange immuniteit, onmiddellike
sellulêre beskerming en verminder uitskeiding van
Chlamydomonas abortus organismes deur
ongeïdentifiseerde draer skape in die omgewing.

ONTTREKKINGSPERIODES

Vleis: 21 dae.

AANWYSINGS / INDIKASIES

Dosis: 2 ml onderhuids per oilam vanaf 5 maande ouderdom. Vir nie-dragtige ooie nie korter as 6 weke voor eerste teling nie;

Na vermenging van die gevriesdroogde entstof, moet die entstof binne 2 ure gebruik word.

Moet nie in ooie gebruik wat onder antibiotika (bv. Tetrasiklien of Sulfa) behandeling is nie.

Omdat *Chlamydophila* 'n ernstige soönotiese siekte is, moet alle voorsorg geneem word teen toevallige self-inspuiting. As dit wel gebeur moet mediese advies onmiddellik ingewin word.

NOTAS:

Ovipast

Reg. No. G4260
(Wet 36/1947)

VERPAKKING
100 ml
100 dosis verpakking,
sel-vrye bo-stof
en geïnaktiveerde
kultuur entstof.



EIENSKAPPE

Bevat toksiene [Leukotoksien, Lkt en Lipposakkariede (LPS)] in 'n sel-vrye bo-stof van *Mannheimia haemolytica* tipe A1 asook geïnaktiveerde kulture van *Pasteurella multocida* tipe A.

VOORDELE VIR DIE PRODUSENT

Help met die voorkoming van vrektes veroorsaak deur skaap- en bok Longontsteking – gekompliseer, vererger of veroorsaak deur die toksiene van alle stamme van *Mannheimia haemolytica* en *Pasteurella multocida* tipe A; Kan gelyktydig met 'n klostridiale entstof soos Coglavax[®] toegedien word.

ONTTREKKINGSPERIODES

Vleis: 21 dae.

AANWYSINGS / INDIKASIES

1 ml onderhuids aan lammers wanneer die jongste 4 weke oud is; herhaal met 'n skraagdosie 4-6 weke later; Immuniseer skaap- en bokooie daarna jaarliks met dieselfde dosie, 4-6 weke voor die aanvang van die lamseisoen; Slegs vir die gebruik in kleinvee; Berg tussen 2°C en 8°C en moenie vries nie; Skud goed voor gebruik.

NOTAS:

Hyogen®

[Geïnaktiveerde adjuvant (Imuvant™) *Mycoplasma hyopneumoniae*

Ceva eiendomsreg stam BA2940-99]

Reg. Nr. G4124
(Wet 36/1947)



EIENSKAPPE

Vir die immunisering van gesonde varkies teen Ensoötiese Pneumonie (Longontsteking) veroorsaak deur *Mycoplasma hyopneumoniae*.

VOORDELE VIR DIE PRODUSENT

'n Enkele inspuiting gee vinnige en langdurige beskerming. Hyogen® enting lei tot betekenisvol minder longletsels by slagting en 'n numeries beter gemiddelde daaglikse toename (GDT) in liggaamsmassa asook beter voeromset. Immuniteit ontstaan binne 17 dae en duur vir 6 maande

ONTTREKKINGSPERIODES

Vleis: 21 dae.

AANWYSINGS / INDIKASIES

Hou die entstof by 15 – 25°C tot kort voor gebruik.
Dosis is 2 ml vanaf 21 dae ouderdom binnespiers aan die kant van die nek. Waar besmetting op 'n vroeë ouderdom voorkom, kan 'n 1 ml dosis reeds op een week ouderdom toegedien word, gevolg deur 'n 1 ml skraag dosis 2 – 3 weke later.

Bespreek die protokol met u veearts.

Moet nie antimikrobiëse terapie 10 dae voor, of na, inenting gebruik nie.

NOTAS:

Imidox[®]

(Imidokarb dipropionaat 12 % m/v)

Reg. Nr. G3257
(Wet 36/1947)

VERPAKKING

100 ml



EIENSKAPPE

Vir die behandeling en voorkoming van Asiatiese- en Afrika Rooiwater en Bosluigalsiekte (Anaplasmoses).

VOORDELE VIR DIE PRODUSENT

Behandel en beskerm, onderskeidelik vir 4 en 8 weke na toediening, teen uitbreke van Asiatiese- en Afrika Rooiwater. Ideaal in ekstensiewe veldbeeste, of by opdroog van melkkoeie voordat hulle op natuurlike veld gaan waar 'n risiko van Bloubosluis-besmetting bestaan. Gebruik hiervan steriliseer NIE die bestaande immuniteit teen Rooiwater nie.

ONTTREKKINGSPERIODES

Melk: 6 dae na die 2,5 mL/100 kg gewig toediening; Die melk onttrekkingsperiode na die 1 mL/100 kg toediening is onbekend vir hierdie dosis.

Vleis: 213 dae na die 2,5 mL/100 kg gewig toediening;

Na die 1 mL / 100 kg gewig toediening is die vleis onttrekking 80 dae: Dus geskik vir gebruik by die aanvang van die voerperiode in voerkraalbeeste wat langer as 80 dae op voer sal wees tot by slagting.

AANWYSINGS / INDIKASIES

Toediening per onderhuidse- of binnespiers inspuiting.

Rooiwater behandeling of blok-behandeling: 1 mL/100 kg.

Tydperk van beskerming is onbekend vir hierdie dosis.

Blok/voorkomende behandeling: 2,5 mL/100 kg – gee beskerming vir 4 en 8 weke teen onderskeidelik

Asiatiese- en Afrika Rooiwater; Behandel Bosluigsiekte (Anaplasmosis) met 'n dosis 2,5 mL/ 100 kg.

Moenie binne 4 weke herhaal nie.

NOTAS:

PRID[®] DELTA

(1,55 g Progesteron per apparaat)

Reg. Nr. G4037 (Wet 36/1947)

Zambië: 346/704V (Wet 3/2013)



EIENSKAPPE

Intra-vaginale toestel vir goed bestuurde suiwel- en vleisbeesverse en koeie in stygende kondisie met die DOEL om die estrus siklus en dus die ovulasie van koeie of verse te sinkroniseer.

VOORDELE VIR DIE PRODUSENT

Die groter oppervlak van die toestel help met vinnige en volhoubare Progesteron (P4) vrystelling vir hoër plasma konsentrasies tydens die implantasie periode. Hierdie is veral belangrik in hoog produserende suiwelkoeie waar gestreef word om marge bo voerkoste te verhoog; Daar is minder irritasie en dus

laer risiko vir verlies van die toestel; In vleisbeesverse en koeie word dit aangewend in o.a vaste tyd kunsmatige inseminasie. Kan in verskeie protokolle gebruik word omdat dit nie saam met enige inspuibare hormoon verkoop word nie - dus laat dit toe vir buigsaamheid in besluitneming na gelang van omstandighede; Ceva beveel die gebruik van Oestradiol Cypionaat (ECP) aan by die uithaal van die toestel i.p.v. Oestradiol Bensoaat (EB) 24-uur NA die uithaal daarvan - wat een minder hantering tot gevolg het. Dit lei daartoe dat meer kalwers vroeër gebore word van gekose, geskikte bulle: a) Die gevolg is ouer en swaarder vleisbeeskalwers by speen of die geleentheid om die kalwers vroeër te speen - wat verdere kondisie verlies in koeie help teenwerk en so bydra to beter herkonsepsie. Uiteindelik word 'n hoër opbrengs vleis per hektaar behaal. b) In seisoenaal-geteelde suiwelkuddes op weiding lei dit tot 'n meer kompakte kalfseisoen.

ONTTREKKINGSPERIODES

Geen.

AANWYSINGS / INDIKASIES

Ontsmet die vulva en apparaat met F10[®] ontsmettingsmiddel. Gebruik in erkende protokolle slegs in nie-dragtige verse wat teiken teelmasse (70 % van volwasse massa) en puberteit (siklusiteit) bereik het. Vir sinkronisasie van estrus in volwasse, nie-dragtige koeie langer as 50 dae na kalwing wat 'n stygende liggaams-kondisie toon (positiewe energie-balans).

Beginnels vir die sinkronisering van estrus in verse en koeie vir vaste tyd K.I sukses

DOEL: Om die maksimum konsepsie in die behandelde diere te verkry.

1. Sukses hang meer af van die tipe dier wat vir sinkronisasie gekies word en nie noodwendig primêr van die hormone wat gebruik word nie.
2. Verse moet teiken teelouderdom en –massa bereik het en besig wees om in massa toe te neem.
3. Koeie moet besig wees om in kondisie toe te neem en moes langer as 60 dae gelede gekalf het.
4. Die kwaliteit van die eisel wat geovuleer gaan word, word o.a. beïnvloed deur die verhouding tussen proteïen en koolhidrate in die rantsoen reeds ongeveer 3 maande voor die tyd (die peri-partale periode).
5. Volg 'n protokol wat deur die veearts onderskryf word. Daar is betekenisvolle verskille tussen protokolle vir verse vs. koeie, bos indicus vs. bos taurus rasse en vir sikliese vs. nie-sikliese diere. Indien hierdie verskille nie in ag geneem word met die opstel van 'n protokol nie, sal resultate teleurstellend wees. Daar bestaan nie een protokol vir alle situasies nie. Raadpleeg 'n spesialis.
6. Dis maklik om 'n oordrewe hoë konsepsie syfer te verwag na een vaste tyd K.I in gesinkroniseerde verse en koeie. Dit is belangrik om eerder realistiese verwagtinge te koester.
7. Verse en koeie moet ruim voor die tyd gewoonde wees / gemaak word aan hanteerders EN die hanterings-fasiliteit, en dit nie met vrees en pyn assosieer nie. Adrenalin en kortisol as gevolg van stres is almal vyande van vrugbaarheid.
8. Gebruik 2 of 3 toedieners tydens die plasing van intra-vaginale toestelle en wissel af tussen diere om toe te laat vir voldoende ontsmettingstyd in 'n nie-irriterende ontsmetmiddel soos F10®.

Beginnels van ektoparasietbeheer in beeste

DOEL: Om die ongestruktureerde, onnodige gebruik van insekdoders tot die minimum te beperk waar moontlik.

1. Ken en verstaan die verskille tussen een- en meergasheer bosluise asook vlieë se lewenssiklusse.
2. Onthou: ektoparasiete oorwinter van die dier af, terwyl endoparasiete binne-in die dier oorwinter.
3. Indien enigsins moontlik moenie kalwers aan bosluisdodende middels blootstel vanaf geboorte tot ouderdom 6 maande nie. Bosluisbesmetting laat toe vir voldoende natuurlike immuniteit teen die ontwikkeling van bosluis-oorgedraagde siektes.
4. Die strategiese gebruik van inspuitable, sistemiese endektosiede (bv. Eprecis® 2 % en Cevamec® 1 %) vir die beheer van die eengasheer Bloubosluis is in die Lente - hoofsaaklik om onvolwassenes se ontwikkeling na eierlêende wyfies te beperk; in die Herfs is dit om die laaste generasies Bloubosluis te dood, sodat minder eiers sal oorwinter wat in die volgende Lente gaan uitbroei.
5. Ken die duur van residuele, insekdodende effek van elke middel en roteer die trop vir daardie tydperk deur soveel as moontlik kampe om Bloubosluis larwes, asook verskillende stadia van meergasheer bosluise te dood.
6. Oorweeg die gebruik van 'n Winter-dipping met opvolg weidingsrotasie in streke waar meergasheerbosluis soos Bruinoorbosluis en Bontosluis (Hartwater en absesse) probleme, in veral die (laat) Somer, veroorsaak. Die haas onsigbare onvolwasse stadia van hierdie bosluise is volop in die Winter.
7. Kolbehandeling (gesig, laer ledemate en stertkwas) teen vlieë is belangrik, omdat inseklas droë materiaal inname, en by implikasie produksie, sal onderdruk.
8. Waar sprei- & dompeldippe gebruik word, moet die aktiewe bestanddeel se konsentrasie gehandhaaf word.

Beginnels van entstof gebruik in Herkouers

DOEL: Om die regte entstof korrek toe te dien op die regte tyd vir die regte klas vee (in terme van ouderdom en stadium van produksie).

1. Koop slegs geregistreerde entstowwe van betroubare verspreiders, waar dit seker is dat koue ketting bestuur deurlopend in orde is.
2. Respekteer die koue ketting ten alle tye vanaf aankoop – selfs met die entstof reeds in die spuit langs die drukgang.
3. Gebruik skoon spuite en skoon, vlymskerp naalde.
4. Gebruik 'n steriele naald, minstens na elke drukgang of ongeveer 20 skape.
5. Moenie entingstoerusting in ontsmettingsmiddel steriliser nie. Maak dit skoon deur in water te kook na gebruik; en ook weer voor gebruik te kook.
6. Dien streng volgens gebruiksaanwysings toe. Entstof wat byvoorbeeld aangewese is vir onderhuidse toediening, kan ernstige inspuitlekletsels laat indien per ongeluk binnespiers toegedien word met naalde wat te lank is.
7. Moenie skape onder die oksel van die voorpoot, langs die borskas, of aan die binnekant van die agterbeen langs die uier inent nie. Bakteriologies gesproke is dit van die vuilste plekke op die skaap. Ent langs die nek. Dis maklik om die wol met die wysvinger en duim oop te spreid en met die ander hand te ent. 'n Helper moet die kop hanteer.
8. Die entstofspuit-hanteerder se hande moet skoon wees en skoon bly. Hy / sy hanteer nie skape nie (maak die drukgang vol). Helpers doen dit.
9. Ent net gesonde diere in wat in 'n goeie voedingstoestand verkeer.
10. Moenie wag totdat siekte uitbreke voorkom en dan eers begin ent nie.
11. Geïnaktiveerde entstowwe stimuleer hoofsaaklik humerale (teenliggaam) immuniteit en benodig altyd 'n skraagdosie 4 - 8 weke nadat die dier die eerste keer geënt is – daarna jaarliks. Dragtige vee, ongeveer 'n maand voor nageslag gebore word, baat by inenting met geïnaktiveerde entstowwe omdat passiewe immuniteit via tydige, voldoende, kwaliteit biesmelk inname aan die kalf / lam langs hierdie weg oorgedra word. Meeste van die entstowwe kan alreeds op 'n baie jong ouderdom toegedien word.
12. Lewende entstowwe is meestal gevriesdroog en moet binne 'n halfuur na oplossing van die gevriesdroogde fraksie ingespuut word. Dit moet, met uitsondering van knopvelsiekte, nie in dragtige vee toegedien word nie. Ook nie kort voor verwagte aanvang van teling nie. Skraagdosisse is jaarliks. Dit stimuleer hoofsaaklik sellulêre immuniteit wat bykans onmiddelik intree. Meeste van hierdie entstowwe word vanaf ouderdom 4 - 6 maande toegedien.
13. Geen entstof kan ooit 100 % beskerming verleen in 100 % van geënte vee nie.
14. Praat met jou veearts vir die mees toepaslike entstofplan in jou streek.

Beginnels van ontworming in skape

DOEL: Bestuur vir die behoud van ongeselekteerde, vatbare wurms BINNE-IN die onbehandelde skaap en BUITE op die weiding. Dit is die wurms in REFUGIA wat nie aan wurmmiddels blootgestel word nie. Aanvaar dat ons nooit wurms kan uitroeï nie, maar saam met hulle moet leef!

1. Moenie alle diere in die trop gelyktydig ontworm nie. Gebruik die FAMACHA[®] en 5-Point Check[®] om net die skape te doseer wat dit nodig het, en so uiteindelik te selekteer vir skape wat weerstandig en verdraagsaam is teen minstens Haarwurm besmetting. Die doel is om REFUGIA op weiding te bewaar – dit is die wurms wat nie aan die aktiewe bestanddeel blootgestel is nie.
2. Ontworming en weidingsstrategie is onlosmaaklik van mekaar: Skuif na 'n nuwe kamp, wag, en ontworm daarna, of, ontworm, wag, en skuif daarna – afhangende van weidingsbeskikbaarheid op die kamp. Vermoë ontworming waarna skape dadelik na 'n nuwe kamp gaan om so 'n kamp dan met oorlewende, weerstandige wurms te besmet.
3. Waar langwerkende middels soos Privexia[®] en Maxicare[®] gebruik word, kan die “stofsuiër effek” gebruik word om behandelde skape vinning deur besmette kampe in die nat seisoen te skuif.
4. Met al bogenoemde in ag genome: Ontworm selektief op strategiese tye soos bv. ooie 4 weke voor aanvang van lamtyd of die lammers op 6 - 8 weke ouderdom.
5. Om versnelde, mees doeltreffende ontstaan van wurmwêerstand te voorkom: Vermoë roetiene gebruik van middels aan alle skape in die droë seisoen, wanneer al die wurms IN die skaap is (hipobiose), om die trop kwansuis “skoon te maak”.
6. Uit 'n ontstaan van weerstand oopspunt: Een keer ontworm van alle skape op die verkeerde tyd is baie slegter as baie kere ontworm van sekere skape op die regte tyd.
7. Ken die weerstandstatus van jou kudde deur miseier reduksie toetse (MERT) te laat uitvoer. Skakel die veearts sodat jy die regte middel op die regte tyd aan die regte diere kan toedien.
8. Skape se entingstatus teen klostridiale siektes soos Bloednier en Bloedderm, moet op datum wees alvorens ontworming plaasvind.
9. Skud alle doseermiddelhouers eers deeglik voor gebruik

NOTAS:

[illegible]

NOTAS:

[illegible]

NOTAS:

[illegible]

NOTAS:

[illegible]



Ceva Animal Health (Pty) Ltd.

Reg. No. 1973/016009/07

Posbus 7707

Halfway House, 1685

Tel: +27 (0) 11 312-4088

E-pos: herkouer.info@ceva.com

Webwerf: www.ceva.co.za



*Saam, verbind tot meer
as dieregesondheid*